Jesus roep my

# God sorg vir ons

## Bybelteks

*[Elia] het gegaan en gemaak soos die Here gesê het. Hy het by die spruit Krit gaan bly wat oos van die Jordaan is. Die kraaie het telkens vir hom brood en vleis in die oggend gebring, en brood en vleis teen die aand; en uit die spruit kon hy drink.*

**– 1 Konings 17:5-6**

## Kernwaarheid

**God sorg vir ons; daarom moet ons ander mense versorg.**

**WELKOM**

Hoeveel soorte voëls kan jy opnoem?

**WONDER**

- Hoe het God by die spruit vir Elia gesorg?
- Wat het met die weduwee se kruik olie en meel gebeur?
- Wat het met die weduwee se seun gebeur?

**WEES**

Kyk na die kraai wat jy gemaak het en onthou dat God kraaie gestuur het om vir Elia kos te bring.

**WEGSTUUR**

Wys jou kraai vir jou huismense en vertel vir hulle dat God kraaie gestuur het om vir Elia kos te bring.

# Kleur hierdie prentjie in.

